# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 572 | Cape Town, Kaapstad, | 1 February 2013 | No. 36128


## THE PRESIDENCY

No. 72 1 February 2013

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Constitution Seventeenth Amendment Act, 2012**

## DIE PRESIDENSIE

No. 72 1 Februarie 2013

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Sewentiende Wysigingswet op die Grondwet van 2012**

9 771682 584003 36128

**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 1 February 2013)*

# ACT

**To amend the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, so as to further define the role of the Chief Justice as the head of the judiciary; to provide for a single High Court of South Africa; to provide that the Constitutional Court is the highest court in all matters; to further regulate the jurisdiction of the Constitutional Court and the Supreme Court of Appeal; to provide for the appointment of an Acting Deputy Chief Justice; and to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts, as follows:—

**Amendment of section 165 of Constitution**

**1.** Section 165 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (hereinafter referred to as the Constitution), is hereby amended by the addition of the following subsection:

> ‘‘(6) The Chief Justice is the head of the judiciary and exercises responsibility over the establishment and monitoring of norms and standards for the exercise of the judicial functions of all courts.’’.

**Amendment of section 166 of Constitution**

**2.** Section 166 of the Constitution is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (c) of the following paragraph:

> ‘‘(c) the **[High Courts, including]** High Court of South Africa, and any high court of appeal that may be established by an Act of Parliament to hear appeals from **[High Courts]** any court of a status similar to the High Court of South Africa;’’; and

(b) by the substitution for paragraph (e) of the following paragraph:

> ‘‘(e) any other court established or recognised in terms of an Act of Parliament, including any court of a status similar to either the **[High Courts]** High Court of South Africa or the Magistrates' Courts.’’.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 1 Februarie 2013)*

# WET

**Tot wysiging van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, ten einde die rol van die Hoofregter as die hoof van die regbank verder te omskryf; vir 'n enkele Hooggeregshof van Suid-Afrika voorsiening te maak; te bepaal dat die Konstitusionele Hof die hoogste hof in alle aangeleenthede is; die regsbevoegdheid van die Konstitusionele Hof en die Hoogste Hof van Appèl verder te reël; vir die aanstelling van 'n Waarnemende Adjunk-hoofregter voorsiening te maak; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan voorsiening te maak.**

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika bepaal, soos volg:—

**Wysiging van artikel 165 van Grondwet**

**1.** Artikel 165 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna die Grondwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(6) Die Hoofregter is die hoof van die regbank en oefen verantwoordelikheid uit oor die vestiging van en monitering van norme en standaarde vir die verrigting van die regterlike werksaamhede van alle howe.".

**Wysiging van artikel 166 van Grondwet**

**2.** Artikel 166 van die Grondwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) die **[Hoë Howe, met inbegrip van]** Hooggeregshof van Suid-Afrika, en enige hoë hof van appèl wat ingevolge 'n Parlementswet ingestel word om appèlle vanaf **[Hoë Howe]** enige hof met 'n status soortgelyk aan die Hooggeregshof van Suid-Afrika aan te hoor;"; en

(b) deur paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(e) enige ander hof ingevolge 'n Parlementswet ingestel of erken, met inbegrip van 'n hof met 'n status soortgelyk aan dié van hetsy die **[Hoë Howe]** Hooggeregshof van Suid-Afrika hetsy die landdroshowe.".

**Amendment of section 167 of Constitution, as amended by section 11 of Constitution Sixth Amendment Act of 2001**

**3.** Section 167 of the Constitution is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The Constitutional Court—

(a) is the highest court **[in all constitutional matters]** of the Republic; and

(b) may decide **[only]**—

(i) constitutional matters**[, and issues connected with decisions on constitutional matters]**; and

(ii) any other matter, if the Constitutional Court grants leave to appeal on the grounds that the matter raises an arguable point of law of general public importance which ought to be considered by that Court; and

(c) makes the final decision whether a matter is **[a constitutional matter or whether an issue is connected with a decision on a constitutional matter]** within its jurisdiction."; and

(b) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The Constitutional Court makes the final decision whether an Act of Parliament, a provincial Act or conduct of the President is constitutional, and must confirm any order of invalidity made by the Supreme Court of Appeal, **[a]** the High Court of South Africa, or a court of similar status, before that order has any force.".

**Amendment of section 168 of Constitution, as amended by section 12 of Constitution Sixth Amendment Act of 2001**

**4.** Section 168 of the Constitution is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) (a) The Supreme Court of Appeal may decide appeals in any matter arising from the High Court of South Africa or a court of a status similar to the High Court of South Africa, except in respect of labour or competition matters to such extent as may be determined by an Act of Parliament.

(b) The Supreme Court of Appeal may decide only—

(i) appeals;

(ii) issues connected with appeals; and

(iii) any other matter that may be referred to it in circumstances defined by an Act of Parliament.".

**Substitution of section 169 of Constitution**

**5.** The following section is hereby substituted for section 169 of the Constitution:

"**High [Courts] Court of South Africa**

**169.** (1) **[A]** The High Court of South Africa may decide—

(a) any constitutional matter except a matter that—

(i) **[only]** the Constitutional Court **[may decide]** has agreed to hear directly in terms of section 167(6)(a); or

(ii) is assigned by an Act of Parliament to another court of a status similar to **[a]** the High Court of South Africa; and

(b) any other matter not assigned to another court by an Act of Parliament.

**Wysiging van artikel 167 van Grondwet, soos gewysig deur artikel 11 van Sesde Wysigingswet op die Grondwet van 2001**

**3.** Artikel 167 van die Grondwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die Konstitusionele Hof—

(a) is die hoogste hof **[in alle grondwetlike aangeleenthede]** van die Republiek; en

(b) kan **[slegs]** beslis oor—

(i) grondwetlike aangeleenthede **[en oor kwessies wat met beslissings oor grondwetlike aangeleenthede in verband staan, beslis]**; en

(ii) enige ander aangeleentheid, indien die Konstitusionele Hof verlof om appèl toestaan op die gronde dat die aangeleentheid ’n debatteerbare regspunt van algemene openbare belang na vore bring wat deur daardie Hof oorweeg behoort te word; en

(c) gee die finale beslissing oor die vraag of ’n aangeleentheid **[’n grondwetlike aangeleentheid is en of ’n kwessie met ’n beslissing oor ’n grondwetlike aangeleentheid in verband staan]** binne sy regsbevoegdheid val.”; en

(b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Die Konstitusionele Hof vel die finale beslissing oor die vraag of ’n Parlementswet, ’n provinsiale Wet of optrede van die President grondwetlik is, en geen bevel van ongeldigheid wat deur die Hoogste Hof van Appèl, **[’n Hoë Hof]** die Hooggeregshof van Suid-Afrika of ’n hof met soortgelyke status gegee is, is van krag voordat daardie bevel deur die Konstitusionele Hof bevestig is nie.”.

**Wysiging van artikel 168 van Grondwet, soos gewysig deur artikel 12 van Sesde Wysigingswet op die Grondwet van 2001**

**4.** Artikel 168 van die Grondwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) (a) Die Hoogste Hof van Appèl kan appèlle beslis in enige aangeleentheid voortspruitend vanuit die Hooggeregshof van Suid-Afrika of ’n hof met ’n soortgelyke status as die Hooggeregshof van Suid-Afrika, buiten ten opsigte van arbeids- of mededingingaangeleenthede in die mate deur ’n Parlementswet bepaal.

(b) Die Hoogste Hof van Appèl kan slegs beslis oor—

(i) appèlle;

(ii) kwessies wat met appèlle in verband staan; en

(iii) enige ander aangeleentheid wat daarheen verwys kan word in omstandighede wat deur ’n Parlementswet omskryf is.”.

**Vervanging van artikel 169 van Grondwet**

**5.** Artikel 169 van die Grondwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**[Hoë Howe] Hooggeregshof van Suid-Afrika**

**169.** (1) **[’n Hoë Hof]** Die Hooggeregshof van Suid-Afrika kan—

(a) enige grondwetlike aangeleentheid beslis, uitgesonderd ’n aangeleentheid wat—

(i) **[slegs]** die Konstitusionele Hof **[kan beslis]** ingevolge artikel 167(6)(a) ingestem het om regstreeks aan te hoor; of

(ii) deur ’n Parlementswet opgedra is aan ’n ander hof met ’n status soortgelyk aan dié van **[’n Hoë Hof]** die Hooggeregshof van Suid-Afrika; en

(b) enige ander aangeleentheid beslis wat nie deur ’n Parlementswet aan ’n ander hof opgedra is nie.

(2) The High Court of South Africa consists of the Divisions determined by an Act of Parliament, which Act must provide for—
(a) the establishing of Divisions, with one or more seats in a Division; and
(b) the assigning of jurisdiction to a Division or a seat within a Division.

(3) Each Division of the High Court of South Africa—
(a) has a Judge President;
(b) may have one or more Deputy Judges President; and
(c) has the number of other judges determined in terms of national legislation.".

**Substitution of section 170 of Constitution**

**6.** The following section is hereby substituted for section 170 of the Constitution:

**"[Magistrates' Courts and other] Other courts**

**170. [Magistrates' Courts and all other courts]** All courts other than those referred to in sections 167, 168 and 169 may decide any matter determined by an Act of Parliament, but a court of a status lower than **[a]** the High Court of South Africa may not enquire into or rule on the constitutionality of any legislation or any conduct of the President.".

**Amendment of section 172 of Constitution**

**7.** Section 172 of the Constitution is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) The Supreme Court of Appeal, **[a]** the High Court of South Africa or a court of similar status may make an order concerning the constitutional validity of an Act of Parliament, a provincial Act or any conduct of the President, but an order of constitutional invalidity has no force unless it is confirmed by the Constitutional Court.".

**Substitution of section 173 of Constitution**

**8.** The following section is hereby substituted for section 173 of the Constitution:

**"Inherent power**

**173.** The Constitutional Court, the Supreme Court of Appeal and the High **[Courts have]** Court of South Africa each has the inherent power to protect and regulate their own process, and to develop the common law, taking into account the interests of justice.".

**Substitution of section 175 of Constitution, as amended by section 14 of Constitution Sixth Amendment Act of 2001**

**9.** The following section is hereby substituted for section 175 of the Constitution:

"**[Acting] Appointment of acting judges**

**175.** (1) The President may appoint a woman or man to **[be]** serve as an acting Deputy Chief Justice or judge of the Constitutional Court if there is a vacancy in any of those offices, or if **[a judge]** the person holding such an office is absent. The appointment must be made on the recommendation of the Cabinet member responsible for the administration of justice acting with the concurrence of the Chief Justice, and an appointment as acting Deputy Chief Justice must be made from the ranks of the judges who had been appointed to the Constitutional Court in terms of section 174(4).

(2) The Cabinet member responsible for the administration of justice must appoint acting judges to other courts after consulting the senior judge of the court on which the acting judge will serve.".

(2) Die Hooggeregshof van Suid-Afrika bestaan uit die afdelings bepaal deur 'n Parlementswet, welke Wet voorsiening moet maak vir—

(a) die instelling van afdelings, met een of meer setels in 'n afdeling; en

(b) die toewysing van regsbevoegdheid aan 'n afdeling of 'n setel binne 'n afdeling.

(3) Elke afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika—

(a) het 'n Regter-president;

(b) kan een of meer adjunkregters-president hê; en

(c) het die getal ander regters ingevolge nasionale wetgewing bepaal.''.

**Vervanging van artikel 170 van Grondwet**

**6.** Artikel 170 van die Grondwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**[Landdroshowe en ander] Ander howe**

**170. [Landdroshowe en alle ander howe]** Alle howe buiten dié in artikels 167, 168 en 169 bedoel kan enige aangeleentheid beslis wat deur 'n Parlementswet bepaal word, maar 'n hof met 'n laer status as **['n Hoë Hof]** die Hooggeregshof van Suid-Afrika mag nie ondersoek instel na of beslis oor die grondwetlikheid van enige wetgewing of enige optrede van die President nie.''.

**Wysiging van artikel 172 van Grondwet**

**7.** Artikel 172 van die Grondwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

''(a) Die Hoogste Hof van Appèl, **['n Hoë Hof]** die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n hof met soortgelyke status kan 'n bevel gee oor die grondwetlike geldigheid van 'n Parlementswet, 'n provinsiale Wet of enige optrede van die President, maar 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid is nie van krag tensy dit deur die Konstitusionele Hof bevestig word nie.''.

**Vervanging van artikel 173 van Grondwet**

**8.** Artikel 173 van die Grondwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Inherente bevoegdheid**

**173.** Die Konstitusionele Hof, die Hoogste Hof van Appèl en die **[Hoë Howe]** Hooggeregshof van Suid-Afrika het elk die inherente bevoegdheid om, met inagneming van die belang van geregtigheid, hul eie proses te beskerm en te reël en die gemene reg te ontwikkel.''.

**Vervanging van artikel 175 van Grondwet, soos gewysig deur artikel 14 van Sesde Wysigingswet op die Grondwet van 2001**

**9.** Artikel 175 van die Grondwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**[Waarnemende] Aanstelling van waarnemende regters**

**175.** (1) Die President kan 'n vrou of 'n man aanstel om as 'n waarnemende Adjunkhoofregter of regter in die Konstitusionele Hof **[aanstel]** te dien indien daar 'n vakature is of indien **['n regter]** die persoon wat sodanige amp beklee afwesig is. Die aanstelling moet geskied op aanbeveling van die Kabinetslid wat vir die regspleging verantwoordelik is, handelende met die instemming van die Hoofregter, en 'n aanstelling as waarnemende Adjunkhoofregter moet uit die geledere van die regters wat ingevolge artikel 174(4) tot die Konstitusionele Hof aangestel is, gedoen word.

(2) Die Kabinetslid wat vir die regspleging verantwoordelik is, moet waarnemende regters in ander howe aanstel na oorleg met die senior regter van die hof waarin die waarnemende regter sal dien.''.

**Amendment of section 178 of Constitution, as amended by section 2 of Constitution Second Amendment Act of 1998 and section 16 of Constitution Sixth Amendment Act of 2001**

**10.** Section 178 of the Constitution is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (k) of the following paragraph:

"(k) when considering matters relating to a specific Division of the High Court of South Africa, the Judge President of that **[Court]** Division and the Premier of the province concerned, or an alternate designated by each of them.".

**Short title and commencement**

**11.** This Act is called the Constitution Seventeenth Amendment Act of 2012, and takes effect on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

**Wysiging van artikel 178 van Grondwet, soos gewysig deur artikel 2 van Tweede Wysigingswet op die Grondwet van 1998 en artikel 16 van Sesde Wysigingswet op die Grondwet van 2001**

**10.** Artikel 178 van die Grondwet word hierby gewysig deur paragraaf (k) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(k) wanneer aangeleenthede oorweeg word wat op ’n spesifieke **[Hoë Hof]** Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika betrekking het, die Regter-president van daardie **[Hof]** Afdeling en die Premier van die betrokke provinsie, of ’n plaasvervanger deur elk van hulle aangewys.”.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**11.** Hierdie Wet heet die Sewentiende Wysigingswet op die Grondwet van 2012, en tree in werking op ’n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.